

Droogtehulp gee verligting

Baie voer is alreeds in Desember na die droogtegeteisterde area van Aberdeen gestuur, maar toe Jaco Hattingh van Frankfort vir Burre Burger in Bloemfontein raakgeloop het, is reëlins vinnig getref om meer bydraes te maak. Met behulp van baie borge, die Frankfort gemeenskap, boere en boereverenigings is daar tesame met die Droogtehulp met Burre-projek talle voer en so meer geskenk, onder andere 120 000 ton mielies, 40 ton lek, meel en 1 500 bale voer en selfs hondekos. Die vrouens in Frankfort het hande gevat en geskenkpakkies vir die boervrouens in Aberdeen opgemaak wat ook saam gestuur is. Teen Vrydagoggend het 32 vragmotors die lang pad aangedurf Oos-Kaap toe. Dit blyk dat die skenkings aan Aberdeen 'n verrassing was en dat die boere dit glad nie verwag het nie. Die skenkings is by Aberdeen skietbaan afgelewer waarvandaan dit versprei is. “Hierdie projek was 'n goeie ding vir die gemeenskap, dit het almal nader aan mekaar gebring ook”, noem Jaco Hattingh. “Baie dankie aan al die borge, almal wat 'n bydrae gemaak het om hierdie projek moontlik te kon maak en diegene wat by die reëlins betrokke was”. Daardie gedeelte van die land het een van die ergste droogtes ervaar in die afgelope jare. Alhoewel dit reeds in Aberdeen gereën het, is die droogte probleem nog ver van opgelos. Daar moet nog baie water van bo kom. *Erkenning: Facebook*



STOP - sit toon op petrol?

'n Moedelose inwoner van Heilbron glo dit is wat 'n stopteken deesdae vir motoriste beteken. Wat het geword van stop by die stopstraat, en as dit veilig is, ry dan verder? “Hoeveel keer moet iemand amper in my vasry voor ek 'n berig moet plaas?” sê-vra 'n moedelose inwoner, Frans Müller. Dit blyk dat inwoners, wat wel weet waar die stoptekens in Heilbron aangebring is, dit net een-

voudig verontagsaam. Müller noem ook dat selfs die vierrigting stopteken by SPAR Heilbron deesdae niks beteken nie. “Inwoners wend nie eers 'n poging aan om stadiger te ry nie, ry net eenvoudig oor die stopstraat.” Moet iemand eers raakgery word of selfs sterf voordat mense daaraan begin dink om padreëls te gehoorsaam? Padreëls het nie verander nie. Padtekens wat mettertyd

verweer of verdwyn het, moet steeds gehoorzaam word vir padveiligheid. Besoekende motoriste kan nie verkwalik word wanneer hulle onwetend die reëls oortree nie. Die onus berus by inwoners om die dorp se paaie steeds veilig te hou. Hierdie probleem het 'n eenvoudige oplossing. Stop en haal die toon van die petrol af! Kom die eenvoudige padreëls na, en niemand sal seerkry nie.

Streekhof-landdros tree af



Na 47 jaar ononderbroke diens, waarvan 24 jaar in die Streekhof se Vrystaat-afdeling was, lê Streekhoflanddros Dirk Aucamp die tuig neer vir 'n welverdiende ruskans. Dirk en sy gesin woon die afgelope 24 jaar in Heilbron vanwaar hy deur die hele Oos-Vrystaat gery het om sake te verhoor. Hy het 'n wye verskeidenheid ernstige misdaadsake verhoor op Vrede, Villiers, Frankfort, Heilbron en tot 'n paar jaar gelede ook in Sasolburg. Hy het gedurende die tydperk van 24 jaar sowat 800 000 km gery vir sy werk in die Streekhof.

DC FASTENERS
Groothandel in:

- boute
- skroewe
- moere
- wassers
- silicone (soudal)
- ketting

Vir 'n gratis kwotasie en advies, skakel Francois by 066 293 4826 of e-pos: dcfasteners@gmail.com

Enige grootte
Enige lengte
Enige hoeveelheid

en vele meer!

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre

Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louw Noord:
“Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!”

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkbouwuid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

Moederkerk bak pannekoek



Op die foto vl: Ina Slabbert, Willemien Corbett, Henriëtte Ramage en Desre du Plessis.



Pannekoekdeeg aanmaak en bak was die NG Moedergemeente se hoofdoel op Dinsdag, 12 Februarie 2019. Vinnig-vinnig het die dames en 'n paar here hande bymekaar gesit en 'n allermintigde 2 460 pannekoek gebak en verkoop. Die weer het mooi saam gespeel, want wie kan nou nêe sê vir pannekoek op 'n koue reënigerige oggend. Die pannekoek was vir voorafverkope vir die basaar wat op 2 Maart by die kerk gehou sal word.

Laaste veiling voor beslastingsjaareinde!

ULTIMO
AUCTIONEERS

Veiling

23 FEBR 2019

Kom kuier lekker saam op **SATERDAG, 23 Februarie** vanaf 10:00 tot laat...
Bring jou hele gesin en geniet die dag!

- Springkasteel
- Boeremark met uitstallers en boot sale
- Kosstalletjies
- Musiek

IMPLEMENTEVEILING om 10:00
VEEVEILING om 11:00

KRAALBESPREKINGS by Wolter | 084 407 9394
Bennie Steenkamp | 082 328 4998
STALLETJIEBESPREKINGS voor 20 Februarie by Liaani | 084 586 1741

18de Grasren sorg vir vele pret Sampie oorlede

Nog 'n suksesvolle Vegkop Grasren het vir die 18de keer gesorg vir 'n pure-prettag. Baie deelnemers het van heinde en verre kom deel in die warm, deels modderige en deels stowwerige dag met motorfietse, 4x4's en bakkies waarmee die verskillende roetes aangepak is. Daar was weereens baie borge op die roetes, wat kompetisies aangebied het en pryse weggegee het. Die hoogtepunt van die dag was toe die manne mekaar die stryd aangesê het tydens die Quarter Mile kompetisie. Bakkies, sommiges met opgewonde passasiers agterop, onder 'n sambreel of twee, en motorfietse het vroegoggend gereed gestaan om die Grasren te begin. Ten spyte daarvan dat die reën nie gesorg het vir so 'n mooi groen omgewing soos in 2018 nie, kon die deelnemers nog steeds die prag van die natuur geniet op die verskeie roetes. Op die terrein kon daar deur die loop van die dag gesmul word aan kosse en lekkernye wat deur die plaaslike kerke aangebied is. Weber het gereed gestaan om heerlike vleispakkies te braai wat by Hoërskool Heilbron se stalletjie beskikbaar was. 'n Stalletjie met unieke Vegkop hemde is deur Heilbron Herald beman en De Vry Distillery se *Gin bar* het baie aftrek gekry.

Sorina Erasmus, beter bekend as Flooze, het met haar unieke musiektalent die dag nog meer prettig gemaak. 2019 se Vegkop Grasren was weereens 'n hoogtepunt vir die omgewing. Daar kan alreeds uitgesien word na 2020 se Grasren wat beplan word vir 8 Februarie. Die dag is moontlik gemaak deur Heilbronners en besoekers wat van ver af gekom het asook borge wat bygedra het tot die suksesvolle dag.



“Hy was die Burgemeester van Heilbron genoem en was mal oor mense en baie lief vir braai.” "As jy hom nie in die straat raakgesien het nie, het hy jou sommer op die naam geroep. Hy was so lief vir gesels, grappies maak en het opreg belanggestel. En het nie geskroom om sy hulp aan te bied nie.” Sô beskryf inwoners en vriende vir Sampie Groenewald. “Ag kom drink net gou 'n koel-drankie”, was sy gunsteling woorde om mense oor te nooi vir geselligheid by die huis. Sampie was 'n besonderse mens en sy liefde vir sy vriende en familie was nimmer-eindigend. Hy het nie teruggestaan om wysheid en raad uit te deel nie en sou met die grootste liefde klippe uit ander se pad gerol het. “Ek sal hom altyd onthou vir oor die muur waai en ons gou oornooi vir koffie” laat hoor 'n buurvrou. Sampie is oorspronklik van Johannesburg afkomstig, maar het vir 34 jaar in die Frankfort-distrik geboer. Hy en sy vrou Jessie is al 10 jaar inwoners van Heilbron, waar hy as afgetredene gewoon het en steeds deeltjyds geboer het. Hulle was vir 46 jaar getroud. In die ouderdom van 72, groot Sampie sy geliefdes en vriende nadat hy skielik oorlede is op 12 Februarie. Die teraarde bestelling sal om 12:00 Sondag 17 Februarie 2019 plaasvind by die Frankfort begraafplaas. Die kerkdiens is om 13:00 by die Gereformeerde Kerk Frankfort. Hy word oorleef deur sy eggenote, kinders, kleinkinders, familie en vriende, en sal baie gemis word.

★

YOUR WEEKDAYS ARE SORTED AT — BUFFALO VALLEY SPUR —

AVAILABLE MON - FRI, 12PM - 3PM

59⁹⁰
300g

99⁹⁰
600g



BREAKFAST SPECIAL

★ AWEH BREAKFAST **R26.90**

WEEKDAY SPECIALS

- ★ BURGER MONDAYS **R55**
- ★ TUESDAYS - BUY ANY 2 PIZZAS & RECEIVE A FREE SUMMER COOLER
- ★ THURSDAYS - KIDS EAT FREE

ALL DAY, EVERY DAY DEALS

★ EISBEIN PLUS A FREE DRAUGHT **R129**

QUARTER CHICKEN PROMO

- ★ 1 QUARTER CHICKEN **R49**
- ★ 2 QUARTER CHICKEN **R69**
- ★ 3 QUARTER CHICKEN **R89**

Ts & Cs apply. Eat-in only. Not in conjunction with other promotions.
The visuals are for descriptive purposes and meals served could vary. Portion weights are raw weights.

Exclusive to
BUFFALO VALLEY SPUR
1 WENTWORTH SQUARE SHOPPING CENTRE,
HEILBRON. 058 853 0061



Alcohol Not for Sale to Persons Under the Age of 18.

Linkses

AS KIND HET EK 'N BORSSPELDJIE GEDRA.

“I have a right to be left.”
Ek het dit so paar keer aangehad totdat iemand opgemerk het dat my politieke standpunte hulle glad nie aangaan nie en dat ek dit nie in die openbaar mag dra nie.
Dit was naby verkiesingstyd. En daar was geen politieke logo op die borsspeldjie nie.
Ek het dit nie weer gedra nie, want ek het sommer gou agtergekom dat daar min mense rondom my is wat weet wat presies my borsspeldjie beteken. Want ek is linkshandig. Maar ook nie heeltemal nie.

My liewe sussie, wat nou al in die hemel is, was "domlinks". Sy het 'n skêr vir linkshandiges gehad. Die lemme was omgekeerd van 'n regshandige skêr. Hierdie skêre is net baie duurder en nie so algemeen beskikbaar nie, maar kan die lewe vir 'n linkshandige baie makliker maak.

Sy het ook 'n broodmes vir linkshandiges gehad. Die lem is ook gekartel, maar dit is na die teenoorgestelde rigting geslyp as 'n gewone broodmes. Met 'n gewone broodmes het sy om den brode (wel, nie letterlik nie) geveg. Die broodsnye was krom en skeef en inmekaar gedruk.

'n Linkshandige vriendin kon nie soos die regshandiges met 'n muis aan die regterkant van die rekenaarskerm werk nie. In elk geval nie met haar regterhand nie. Sy sou met haar linkerhand oor die sleutelbord strek, oor haar regterhand tot by die muis en dit so a la Chopsticks hanteer.

EK IS LINKS. EK WEET DIT KLINK SOOS 'N BELYDENIS, MAAR EK WIL JOU GOU 'N KYKIE GEE IN 'N LINKERHAND SE LEWE.

Ek is dalk nie "domlinks" nie, maar ek ervaar ook soms die beperkinge waaroor die ander "domlinkshandiges" kla. Ek het oor die jare al geleer dat ek sekere take met albei my hande kan doen.

Ek stryk met my linker- en my regterhand. Dit is nogal handig wanneer ek klein ruimtes moet platstryk.

Ek kan met altwee my hande skryf. Dit is nie ewe leesbaar nie, maar tog. Ek skryf op papier met my linkerhand en wanneer ek op die swartbord moet skryf, is dit met my regterhand. Want ek kan nie die swartbord, soos my boek, teen 90° draai nie. Toe vat ek maar die ander hand.

Ek knip met my regterhand, maar eet links. Ek korrel met my linkerkantste oog, maar gooi met my regterhand. Heeltemal deurmekaar.

Maar die wêreld is vir regshandiges gemaak. Praat van minderheidsregte: ek het nog nie van iemand gehoor wat staak omdat daar nie vir linkshandiges voorsiening gemaak word nie.

WATTER VOORSIENING, HOOR EK JOU VRA?

Onthou jy die dae van tjekboeke? Die teenblaadjie was moeilik om in te vul. Verbeel jou dat jy linkshandig is, en probeer nou jou hand by die teenblaadjie inwriemel. Totaal onmoontlik.

Lessenaars by universiteite (van die weergawe met die los blad wat jy moet wegswaai) is vir regshandiges gemaak. Jy moet totaal *double jointed* wees om daarop te skryf as jy linkshandig is - daar is net plek om aan jou regterkant te skryf.



Die poskantoor se toonbank is in dieselfde penarie: die klerk daaragter kan net aan die een kant skryf: die regterkant. Aan die linkerkant van die klerk is die geld en daardie groot, vet, swart, rubberstempels.

Die ander dag het ek (weer probeer) aansoek doen vir my paspoort. Hierdie keer kon ek na 'n bank in onse stad gaan. Toe ek my handtekening maak, moes ek dit op 'n digitale skerm doen. Ek skuif die skerm so ewe na my kant toe. Ek kry dadelik die *evil eye* van die meisie wat my help. “You may not move da pad.”

Ek draai my lyf in 'n es, die digitale pen in my linkerhand en probeer 'n gekrabbel, so na as moontlik aan my handtekening, maak. *Evil eye of te not.*

DIS VIR JOU AS REGSHANDIGE MAKLIK OM 'N KNOPTE DRAAI:

jy doen dit kloksgewys. Maar ons kloksgewys is antikloksgewys as joune. 'n Totale deurmekaarspul!

As ek tafel dek, hoor ek gedurig dat ek verkeerdom dek. En wie sê jou manier is regom?

Gepraat van tafeldekl: vismesse word ook nie vir linkshandiges uitgereik nie.

Dink gou hoe jy skottelgoed was. Ek wed jou dat wanneer jy die skottelgoed was, dit op die regterkant van die wasbak sit. Wel, myne kom op die linkerkant van die wasbak en dit maak baie mense heeltemal deurmekaar.

Die rathefboom van 'n kar moet natuurlik, volgens my, aan die regterkant van die stuurwiel wees. Die radio ook sommer. En terwyl jy besig is, skuif sommer die passasier ook soontoe. Dalk moet ek maar net in Engeland gaan woon en met 'n linkerhandstuur ry.

Sedert kleintyd is my horlosie aan my regterkant. Want soos jy, kan ek op my horlosie kyk terwyl ek skryf. Kyk regs, skryf links.

Natuurlik maak al hierdie rigtings my heeltemal deurmekaar. Ek vermy spesifieke antwoorde soos die rigting waarin jy moet draai. Ek draai altyd net op of af, sodat ek nie hoef te sukkel om te onthou waar links en regs is nie.

KORTOM: my hele lewe kan op sy kop gegooi word wanneer ek aan die twee kante dink. My regs is jou links en jou regs is my links. Behalwe as jou links my regs word en my links jou regs word.

Wag, ek moet nou net gou terugstaan en mooi dink. Watter een is my skryfhand op papier? O ja, daardie kant is links. Die skryfhand op die bord of in die lug is regs. Of is dit nou? As kind kan ek onthou dat ek in spieëlskrif begin skryf het. Ek het gesien dat die twee boeties hulle penne omtrent in die middellyn van hulle lywe hou en weg van hulle lywe af skryf. Ek het dieselfde gedoen. Maar hulle het regterkant toe geskryf. En ek het linkerkant toe geskryf. Perfekte letters. Maar dit het nie soos ander mense s'n gelyk nie.

Ek dink ek moet my borsspeldjie gaan soek – ek wil dit weer dra wanneer ek die pen in my linkerhand hou. Sodat iemand nie hoef te vra: “Haai, is jy links?” nie. Nee, ek is nie net sommer links nie.

I have a right to be left.

KERKNUUS



NG MOEDERGEMEENTE

Sondag: 09:30 Erediens Voorbereidingsdiens
Kleuterkerk / Deurkol: Studentekerk Bloemfontein / Kategese / Gemeentetee Blok 1 / 10:45 Ouderling- en Diakonievergadering

NG SUID

Sondag: 09:30 Erediens

GEREFORMEERDE KERK

Sondae: 09:30 Erediens (Nagmaal)
Diensbeurte: Wyk 6 & 7

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
Sondae: 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 016 973 1011, 083 943 4561

AGS PLEINSTRAAT 72

Sondae: 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

CHRISTUS GEMEENTE

(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

AP-KERK

Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
Sondag 10:00 Erediens - Voorbereiding (Heilbron)
Belydenisaflegging - VBO Les 5

METHODIST CHURCH

Sunday: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA

Sondag 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE

Hou erediens op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

EVANG. GEREFF. KERK

FRANKFORT (MARKSTR. 20)

Sondagoggend: 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN

Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
Sondae: 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

PENTECOSTAL CENTRE

(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
Maandag: 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur - Matt 26:38, Jak 5:16, Eff 6:18 / **Woensdag:** Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
Vrydag: 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE

Sondae: Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00,
Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE

Dinsdae: 17:00 Jeugdiente & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT

Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00 / Aanddiens: 18:00
Woensdae: 18:00 Bybelstudie
Navrae: Ds Adriaan Bester 060 953 1880

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF

Sien ons webblaai: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/
booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

Heilbron Herald

GEMEENSKAPSNUUS

Heilbron Dienssentrum

Breëstraat 57, Heilbron
• Tel: 072 220 7272

Bestuurder: S. Meades

PROGRAM

MAANDAE:
08:45 - Gimtrim
DINSDAE:
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
WOENSDAE:
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts.
Elke week iets anders.
DONDERDAE:
17:00 Kooroefening
Geen byeenkomste tydens skoolvakansies

Op en Wakker Dienssentrum

vir Bejaardes Reitz

Program vir week

Maandag
09:00 Kooroefening
Dinsdag
09:00 Bloeddrukke
Woensdag
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
Donderdag
10:00 Sosiale program
Vrydag
09:00 Bybelstudie
Kontakpersoon
Petro Pretorius
082 325 1322



RIEMLAND MUSEUM TYE

VRYPDAE 09:00 - 13:00

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576





Meer belonings as ooit tevore!

Eindig 3 Maart

My SPAR



SOOS OP TV

SPAR IQF Gemengde Hoenderpersies 2 kg

Kry 'n ekstra **R2 af** x 20

WINKEL PRYS **R53⁹⁹**

Rewards skema betaal **R51⁹⁹**



SOOS OP TV

SPAR Verlengde Raklewe Volroom of Lae Vet Vars Melk (Hoë Vet uitgesluit) 2 liter

Kry 'n ekstra **R1 af** x 20

WINKEL PRYS **R21⁹⁹**

Rewards skema betaal **R20⁹⁹**



SOOS OP TV

SPAR Gegeurde Gaskoeldrank 2 liter

Kry 'n ekstra **R1 af** x 20

WINKEL PRYS **R9⁹⁹**

Rewards skema betaal **R8⁹⁹**



SOOS OP TV

SPAR Macaroni of Spaghetti 500 g

MULTI-KOPIE
Koop enige 2 en kry **R2 af** x 20

WINKEL PRYS **R17⁰⁰**

Rewards skema betaal **R15⁰⁰**



SOOS OP TV

SPAR 100% Vrugtesapmengsel 1 liter

MULTI-KOPIE
Koop enige 2 en kry **R2 af** x 20

WINKEL PRYS **R25⁰⁰**

Rewards skema betaal **R23⁰⁰**



SOOS OP TV

Sunlight 2 in 1 Hand Waspoeier 2 kg

Kry 'n ekstra **R2 af** x 20

WINKEL PRYS **R41⁹⁹**

Rewards skema betaal **R39⁹⁹**



SOOS OP TV

Kry 'n ekstra **R1 af** x 20

WINKEL PRYS **R14⁹⁹**

Rewards skema betaal **R13⁹⁹**

Nivea Aarol Deodorant vir Mans en Dames 50 ml



Kry 'n ekstra **R1 af** x 20

WINKEL PRYS **R10⁹⁹**

Rewards skema betaal **R9⁹⁹**

Blue Ribbon Classic Bruinbrood 700 g

Beskikbaar by uitgesoekte SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (SPAR Express winkels uitgesluit) tot en met 17 Februarie 2019 terwyl voorraad hou. Ons behou die reg voor om hoeveelhede te beperk. TV-produkte landwyd beskikbaar. Nie beskikbaar in die Upington of Keimoes area, KwaZulu-Natal, die Laevelde en die Wes- en Oos-Kaap nie. Pryse sluit BTW in.

Kry ons op [f](#) [myspar](#)

Vir meer besonderhede: www.spar.co.za of in die winkel

TEWU: Hurd (Lessor's) Durban/1944/6/2/2749/295/2014/1



Sluit aan by die SPAR Rewards-program

Registreer in die winkel, aanlyn of laai die SPAR App af!



Heilbron

Herald

ONE WAY VISION
SPECIAL

Valid Until 28 February 2019

058 852 3033 | heraldgraphics2@heilbron.co.za



10% OFF

OF YOUR ONE WAY VISION ORDER

*T&Cs Apply. Discount excludes installation.

Vories besoek die Heilbron Herald



'n Groep leerders van Voortrekkers Heilbron het Maandag 'n uitstappie geniet na Heilbron Herald. Hulle het meer geleer van kommunikasie op koerant vlak. Gedurende die uitstappie is daar meer geleer oor die proses van die koerant, waar dit begin totat dit gedruk word en reg is vir lees. Verskillende drukkers is aan hulle gewys en in kort verduidelik hoe dit werk. Op die foto bo verskyn WJ Naude, Hendrika Piek, Shandi Prinsloo, Kaylin Smit, Rudi Swanepoel, Marnus Botha en Gerhardt Engelbrecht. Op die foto onder: Voortrekkers saam met hulle offisiere Yolande Prinsloo en Dawid Rossouw.



Vories besoek Fraaihuis Kwekery



Verder het 'n ander groep Voortrekkers 'n uitstappie na Fraaihuis geniet waar Tannie Martie vir die leerders vertel het van plante. Hulle het ook inheemse plante ontvang vir die Olifantuin. Op die foto verskyn voor: Jana Pieterse, Chenell Els, Zané van Zyl, Hendrik de Jager, Jaco Moolman en Melissa Kruger. Agter: Rikus van Zyl (Offisier) en Martie van Jaarsveld.

MULTI GREEN

ondersteuning na volhoubaar

ATLETIEK BYEENKOMS

DP de Villiers Stadion Sasolburg

19 Februarie 2019

JA Malherbe atlete presteer



Die volgende atlete van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn het tydens die Riemland-atletiekbyeenkoms gekwalifiseer om aan die Oos-Vrystaatatletiek-kampioenskappe op 18 Februarie deel te neem: Hulle is agter vl: Jané Janse van Rensburg, DJ Jacobs, Li-Ann Sieberhagen, Estené Janse van Rensburg, Matshidiso Sompane en Frikkie Kruger. Middel: Precious Mokoena, Meané Richter, Kaylie de Bruyn en Tejo Mphuti. Voor: Gift Mphembe.

GEKLASSIFIEERD
Small

Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk.
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkler heraldwinkler@heilbron.co.za
- Lizzy herald@heilbron.co.za
- (Kommersieël drukwerk & koerant bydraes ens.)
- Carlen heraldgraphics1@heilbron.co.za
- (Kommersieël drukwerk & koerant bydraes ens.)
- Delarey finance@heilbron.co.za
- (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za
- (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za
- (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za
- (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Jolandi heraldnuus@heilbron.co.za
- (Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron,
Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

*Menings en opinies wat
uitgespreek word in briewe
en rubrieke, is dié van die
individue en weerspieël nie
noodwendig die siening
van die redaksie nie.*

WEERVOORSPELING

Sa 16 Febr.	17 / 25	50% kans vir oggendbuie
So 17 Febr.	16 / 26	Sonnig, warm
Ma 18 Febr.	14 / 26	Sonnig, warm
Di 19 Febr.	15 / 27	Warm
Wo 20 Febr.	14 / 26	31% kans vir oggendbuie
Do 21 Febr.	15 / 27	39% kans vir donderbuie
Vr 22 Febr.	16 / 27	Sonnig, warm
Sa 23 Febr.	16 / 27	42% kans vir laatmiddag buie
So 24 Febr.	16 / 27	49% kans vir donderbuie
Ma 25 Febr.	16 / 27	46% kans vir donderbuie
Di 26 Febr.	16 / 27	40% kans vir donderbuie
Wo 27 Febr.	16 / 27	Warm

KENNISGEWING**KENNISGEWING AAN
DEBITEURE & KREDITEURE**

In die boedel van wyle SAREL PETRUS DU PLESSIS, Identiteitsnommer: 770818 5020 089, ongetroude en woonagtig gewees te plaas Driefontein, Heilbron (Vrystaat Provinsie) en wie oorlede is op 17 Januarie 2018.

Boedelnommer: 001595/2018 (Meester Bloemfontein)
Hiermee word kennis gegee dat duplikate van die likwidasie en distribusie rekenings (derde en finale) in die boedel hierbo vermeld, in die kantore van die Meester Bloemfontein en Heilbron Landdros Hof vanaf 18 Februarie 2019 tot 10 Maart 2019, ter insae lê vir alle persone wat daarby belang het.

Gedateer te Pretoria op hierdie 6de dag van April 2019.
(GET) SA TINTINGER
242 LANGESTRAAT,
NIEUW MUCKLENEUK,
PRETORIA

BLOEDSKENK DATUMS**HEILBRON****PLEK: 1****Kerksaal**

- 26 Maart 2019
- 28 Mei 2019
- 23 Julie 2019
- 19 Sept. 2019

(Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en langnaweek).

- 26 November 2019

**TE KOOP**

Fast, Reliable Wireless Internet
Now Available!!
From R299.00 p/m

Kerk Str. 44
Heilbron
072 847 4093
www.gigittechnologies.co.za

**SKAPE TE KOOP**

Dohne ooi te koop.
Skakel
064 950 1787
K1648

TUPPERWARE

Vir bestellings kontak
Jolandi
079 846 1075
Heilbron

ROLSTOEL PROJEK

Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoel geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

TE KOOP

Vir die eerste keer
'n foenkop wat
nie lek nie!!
Kontak Mar Piet Smith
071 611 2144

Heilbron Herald

It's *Pointless* getting your *Office Products* anywhere else

HP 121 Kleur
HP 88 XL Swart
HP 88 XL Cyan
HP 88 XL Magenta
HP 88 XL Geel
Above Cartridge ink - less 10%

Office Products Catalogue
August 2019

Out Now

**Besoek ons vir al u
skryfbehoeftes
benodigdhede,
digitale drukwerk,
wye formaat
drukwerk,
korporatiewe drag,
geskenke,
kantoormeubels,
oorpakke,
veiligheidsklere en
-skoene, informele
drag en vele meer.**

BESIGHEIDSURE

Maandag tot Donderdag:

07:30 tot 17:00

Vrydag: 07:30 tot 16:30

Saterdag: 08:30 tot 13:00

Elsstraat 44 • Heilbron

Tel: 058 852 3033

Faks: 058 853 0140

heraldnuus@heilbron.co.za

Herald

Office National

TE HUUR**HEILBRON
ROLBAL-KLUBHUIS**

Geskik vir ongeveer 70 mense.

Sluit in volledige eetgerei,

stoof en 2 oonde, gelisensieerde

kroeg beskikbaar.

Bespreek by Elsie Grobler 081 216 6105 of
Magda Bierman 083 292 1503

EIENDOMME • EIENDOMME

LINDA LIEBENBERG
PROPERTIES

082 577 5385
T-HOD • Real Estate Qualification • NQF Fets Level 5

R530 000

Baie netjiese woonhuis te koop in
Heilbron. Uitstekend geprys!

- 3 Sonnige slaapkamers met 2 badkamers.
- Splinternuwe houtkombuis met aparte opwas.
- Studeerkamer.
- Ruim leefareas.
- Boorgat.
- Koopkrag.
- Toesluitmotorhuis met afdak.
- Vele meer.

Kontak my vir besigtiging. Spring vir
hierdie winskoop.

Linda Liebenberg Eiendomme 082 577 5385
Website: www.lindaliebenbergeiendomme.co.za
E-Mail: liebenberglinda@gmail.com

**VAN DER MERWE &
VENNOTE EIENDOMME**

*Oir die beste transaksies
en diens*

Elsstr. 47 HEILBRON

Tel: 058 852 2041

Petro Meintjes - 083 308 9159



Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT

Koopkrag gewaarborg

Kontak ons bemarkers

P.J. MÜLLER

060 966 9340

Bestuurder &
Bemarker



CORJAN DE JAGER

079 506 8777



Frankfort
Cornelia
Roadside

FANIE VAN DER MERWE

082 494 3127

Frankfort
Cornelia
Oranjeville



DAVID GERBER

082 489 7424

Reitz
Tweeling
Petrus Steyn



GERHARD HARTMAN

082 550 2054

Villiers
Grootvlei



HUGO GROENEWALD

082 569 7205

Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville



IAN GROBBELAAR

060 965 6207

Afslaer



Spertyd vir Vrydae se Herald artikels &
advertensies is Woensdae om 10:00.

Vir enige advertensies en artikels
kontak Jolandi by 058 852 3033

Ons hoor graag van jou

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag.
Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Jolandi kantoore by 058 852 3033.

heraldnuus@heilbron.co.za

AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegetydig uit die weg te ruim.

20 Februarie 2019

Tuinbouvergadering

om 10:00

@ Petro Meintjies

RSVP voor 18/02/19

Toegang:

'n blink geldjie & 'n ietsie vir die ruillafel.

bv. Steggie; Vetplant; Sade; Groente en Vrugte

Houtartikels Tekoop

Kom leer smoot jou tuin

In posisie asook ander wenke

Speaker - Arnold Hingler

Michelle & Elsabe

dele milt ung oor plante.

Kontak Hester Steyn 083 379 7984 - R50 vir besoekers

Pizza Bust vir die week



Silma Erasmus is genomineer vir hierdie week se Pizza Bust van Buffalo Valley Spur in Heilbron. Silma is 19 jaar oud en is hardwerkend en pak alles met oorgawe aan. Sy word beskryf as 'n besige bytjie. Op die foto bo verskyn Puleng Mofokeng, Silma Erasmus en Harriet Moalosi.

PUBLIC NOTICE



DRAFT ANNUAL REPORT 2017 -18 FINANCIAL YEAR

INVITATION TO SUBMIT COMMENTS ON THE 2017-2018 ANNUAL REPORT

In terms of Section 127 (5) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003 and Section 21 A of the Municipal Systems Act, Act 32 of 2000 require municipalities to publicise their Annual Report and invite the public to make representations on the report after it has been tabled in Council meeting.

The Ngwathe Local Municipality (NLM) has tabled its Annual Report for the financial year 01 July 2017 to 30 June 2018 at its Council meeting held on Thursday, 31st January 2019. Ngwathe LM hereby invites the public to make representations or submit public comments on the Annual Report, in writing, to reach the municipality before or on 04 March 2019 at 16:30.

Copies of the Annual Report 2017-2018 are available at the municipal offices, Ngwathe LM website, www.ngwathe.gov.za, satellite offices and libraries.

Anyone who wishes to make comments or make representations can submit to:

1. Office of the Municipal Manager, Liebenbergstrek Street, PO Box 359, Parys
2. Corporate services offices, Liebenbergstrek Street, PO Box 359, Parys
3. Satellite offices,
 - ✓ Heilbron Offices
 - ✓ Koppies Offices
 - ✓ Edenville Offices
 - ✓ Vredefort Offices
 - ✓ All Libraries

All representations and comments should be in writing, for those who are unable to read and write and would like to comment, will be assisted to do so.

Members of the public will also be notified and afforded an opportunity to make direct written and verbal inputs into the Annual Report at public meetings which will be scheduled and of which members of the public will be notified.

For more information, please call Ms P Ndhlovu on 056 816 2700

For enquiry, please contact: **IDP/PMS OFFICE**

Tel: 056 816 2700

Email: jordaanr@ngwathe.co.za

puseletsom@ngwathe.co.za

BW KANNEMEYER

MUNICIPAL MANAGER

NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY PUBLIC NOTICE: FEBRUARY 2019

Dienssentrum lede leer meer oor diabetes



Op die foto verskyn matrone, Retha de Winnaar van Huis Bron-van-Heil. Sy was hierdie week se gasspreker by die Heilbron Dienssentrum waar sy baie interessante feite oor diabetes genoem het. Die praatjie het ondermeer gehandel oor verskillende soorte diabetes, die simptome daarvan asook hoe om sinvol daarmee saam te leef. Daar word alreeds uitgesien na volgende week se Dienssentrum byeenkoms. Dan word daar gepraat oor koffie, sjokolades en lekker rooiwyn.

Tiener bly presteer



Leandri Fourie palm weer vyf titels in. DM Pageant Productions wat 'n landwyse kompetisie was kondig Leandri aan as algehele wenner vir die ouderdom klas 13-15 as Miss Posh Free State. Sy palm ook titels in vir "Best Hair, Best Smile, Best Dressed, Best Eyes en Best Pose." Sy wen ook die Miss Nix Model of the Year 2018 - ouderdom 13-16 – titel. Wenner was bekend gemaak op 23 Januarie 2019. Kid Model Magazine, 'n oorsese model tydskrif, het ook 'n bylae van haar gedoen met 'n kort autobiografie wat foto's insluit van twee bladsye lank. Issue 1, Volume 7 2019 wat op die rakke verskyn het 27 Januarie 2019. Leandri verower in 'n kort tydjie sewe krone, sewe "sashes" en 'n reeks sertifikate. Sy neem aan Mej. Junior Teen Vrystaat (13-15 jaar) deel op 15 Junie 2019 in Bloemfontein.

terugblik



HEILBRON HERALD - VRYDAG, 26 JUNIE 2013 - NUWE DOMINEE VERWELKOM IN HEILBRON
Die afgelope Sondag was 'n feestelike dag vir die NG Suid Kerk, wat hulle nuwe dominee en sy gesin aan die gemeente bekendgestel het. Ds Tiaan en Jean is hartlik verwelkom en ds Tiaan het ook Sondag sy intreepreek gelewer, van die lidmate van die Bronkhorstspuit Gemeente het gekom en het met 'n knop in die keel afskeid geneem. Na die verrigtinge is heerlik gekuier en gesmul aan die eetgoed wat die susters verskaf het. Op die foto is Ds Tiaan en Jean Victor asook Ds Hans en Ria van Vuuren.

					3		8	5
		1		2				
			5		7			
		4				1		
	9							
5							7	3
		2		1				
				4				9

SUDOKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

Skenk jou skryfbehoeftes

Maaak 'n verskil

Dit is Januarie en die skooltas is reeds netjies gepak, propvol nuwe skryfbehoeftes om die nuwe skooljaar aan te pak. Vir talle gesinne is hierdie tyd van die jaar egter 'n groot bekommernis wanneer kinders, sonder die nodige skryfbehoeftes, benoud en skaam skool toe moet gaan. Saam kan ons egter 'n verskil maak en seker maak elke leerder begin die jaar met groot opgewondenheid!

Office National loods 'n nasionale projek

waar skryfbehoeftes geskenk kan word aan minderbevoorregte leerders.

Bring jou ou potloodsakkie met vergete penne, potlode en meer om jou bydrae te lewer. Donasies word ook verder beloon met groot pryse vir skole en leerders wat deelneem. Neem 'n foto van jou donasie en plaas dit op sosiale media met die #ONmystationerypledge merk. Herald Office National sien uit om saam met jou 'n verskil te maak! #ONmystationerypledge



EET REG, OEFEN


- **Heilbron Kliniek**

Baie Suid-Afrikaners leef ongesond en is onfiks, is in 'n onlangse opname bevind. Ons gee raad

Die Navorsingsraad vir Menslike Wetenskappe het onlangs 'n nasionale opname oor gesondheid en voeding gepubliseer. Die doel daarvan is om beleidsmaakers te help met strategieë vir die bekampings van siektes wat te doen

het met die, gewig en 'n gebrek aan oefening. Hier is van die feite wat die opname opgelewer het.

Meer as 25 000 mense het vraelyste voltooi. So-
wat 12 000 van hulle het 'n suikele ondersoek onder-
gaan. Meer as 8 000 se bloed is getrek vir toetse.



Erkenning: Huisgenoot.com - 12 September 2013.





Putjiespel skop vroeg af

Die jaarlikse putjiespel skop vanjaar vroeg af met die eerste rondtes wat reeds in Maart afgehandel word. Die bestuur het dit goed gedink dat daar vanjaar weer 'n dubbel putjiespel moet wees en pare kan reeds inskryf vir die kompetisie.

Ledegelde is betaalbaar voor einde Februarie en lede word versoek om dit stiptelik na te kom. Lede wie se gelde nie teen einde Februarie betaal is nie gaan geblok word op die sisteem, dit geld ook vir sosiale lede.

Daar was geen formele spel verlede Saterdag nie as gevolg van die Vegkop Rally, vandag speel daar 'n groep van Commodity Trading en môre sal daar gewone spel wees.

Die klubkampioenskappe is die 23ste Maart en Kopanang



borg 'n betterball kompetisie op die 16 de Maart.

Star Slaghuis is vanjaar die amptelike borg van die klubkampioenskappe.

Polisie-brokkies

- Heilbron polisie versoek dat alle inwoners hul waardevolle items en eiendomme moet afneem en afskrifte daarvan hou. Maak seker die item- of reeksnommer word ook by die afskrifte aangebring. Dit vergemaklik die polisie se werk geweldig baie om die gesteelde items wat gevind is weer aan die regte eienaar terug te besorg. Daar is reeds waardevolle items teruggevind waarvan die eienaars onbekend is.
- Huisinbrake neem steeds toe. Daar is reeds 'n paar verdagtes gevang en in hegtenis geneem, maar die inbraak syfers bly onveranderd. Baie van hierdie inbrake vind in Phiritona plaas. Wees versigtig en neem die nodige stappe om huise en waardevolle items beter te beveilig.

Load shedding schedule

STAGE 1

Week, 13 Feb	Thu, 14 Feb	Fri, 15 Feb	Sat, 16 Feb	Sun, 17 Feb	MON, 18 Feb	Tue, 19 Feb
08:30 - 10:30 18:30 - 18:30	08:30 - 18:30	08:30 - 12:30	08:30 - 12:30 08:30 - 18:30	08:30 - 08:30 18:30 - 18:30	18:30 - 18:30 08:30 - 08:30	08:30 - 08:30 08:30 - 18:30

STAGE 2

Week, 13 Feb	Thu, 14 Feb	Fri, 15 Feb	Sat, 16 Feb	Sun, 17 Feb	MON, 18 Feb	Tue, 19 Feb
08:30 - 10:30 18:30 - 18:30	08:30 - 18:30	08:30 - 12:30	08:30 - 12:30 08:30 - 18:30	08:30 - 08:30 18:30 - 18:30	18:30 - 18:30 08:30 - 08:30	08:30 - 08:30 08:30 - 18:30

STAGE 3

Week, 13 Feb	Thu, 14 Feb	Fri, 15 Feb	Sat, 16 Feb	Sun, 17 Feb	MON, 18 Feb	Tue, 19 Feb
08:30 - 10:30 08:30 - 18:30 18:30 - 18:30	08:30 - 18:30	08:30 - 12:30 18:30 - 18:30	08:30 - 12:30 08:30 - 18:30	08:30 - 08:30 18:30 - 18:30	18:30 - 18:30 08:30 - 08:30	08:30 - 08:30 08:30 - 18:30 18:30 - 18:30

Erkenning: www.loadshedding.eskom.co.za

JAARPROGRAM : 2019 RIEMLAND JAGTERSVERENIGING		
DATUM	BESONDERHEDE	TYD
16 FEBRUARIE	PRETSKIET	09:00
23 FEBRUARIE	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
9 MAART	GEWEER INSTEL EN LANG AFSTANDSKIET VIR JAG SEISOEN	09:00
16 MAART	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
13 APRIL	RIEMLAND OPE PRYSSKIET	09:00
25-28 APRIL	HUNTEX	
25 MEI	CHASA KWALIFISERING / VERBETERING	09:00
1 JUNIE	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
27 JULIE	OVER UNDER SPANSKIET	09:00
17 AUGUSTUS	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
24 AUGUSTUS	BOSVELD OEFENING	09:00
14 SEPTEMBER	JEUGSKIETDAG	09:00
23 SEPTEMBER	INTERTAK SPORTSKIET : BLOEMFONTEIN	

BESIGHEIDSURE

MAANDAE TOT DONDERDAE

07:30 tot 17:00

VRIDAE - 07:30 tot 16:30

SATERDAE - 08:30 tot 13:00

Kontak ons gerus vir flinke en vriendelike diens.

Elsstraat 44 • Heilbron • 9650

Tel: 058 852 3033

VISVANGKOMPETISIE

23 FEBRUARIE 2019

Kleuterkasteel

052 853 0930

GROOT PRYSE TE WEN!

IN 4 KATEGORIEE + 'N GELUKKIGE TREKKING

Mans	Dames
• Grootste Karp - 2000g • Grootste Baai - HALWE SKAAP • Grootste Donskarp - KOPPE EN HONDEFTLE • Grootste Ouderbek - REENJAS EN WATERSKOENE	• Grootste Karp - 2000g • Grootste Baai - HALWE SKAAP • Grootste Donskarp - HAARS EN KLEUR • Grootste Ouderbek - HAARS EN KLEUR

PLEK: INLOOPPLAAS TEENDIE VAALDAMOP DIE MOEDERSDEELPAD.

TYD: 05:45 KOMONS BY HEK BYMEKAAR
07:00 SLUIT DIE HEK IVANG TOT 15:00

TOEGANG: R100 VIR VOLWASSENES
R50 VIR KINDERS (ouder 10 jaar)

Vir meer inligting skakel: 058 853 0930

BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 18 FEBRUARIE 2019

BULTFONTEIN 2- Weeklikse veiling
Kontak Louwrij Bezuidenhout 082 827 7443

DINSDAG - 19 FEBRUARIE 2019

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617

KLERKSDORP Weeklikse veiling.
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

FRANKFORT : FORTRESS BONSMARAS
430 Vroëlike kommersiële Bonsmaras
11:00, Fortress, Frankfort
Kontak Eddie Muller 082 926 2219

DONDERDAG - 21 FEBRUARIE 2019

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Gerl Burger 082 822 1952

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

VRIDAG - 22 FEBRUARIE 2019

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 075 154 5049

FRANKFORT : BEYOND BEEF WAGYU
Swart Japanoes, Akaushi en opgeleide Wagyu beeste
11:00, Royal Auction Centre Frankfort
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbilouwid.co.za